kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Mentorskap: Wie loop saam met ons?

Skriflesing: 1 Timoteus 6:6-19

Broodjies vir die pad

"The purpose of life is not to be happy. It is to be useful, to be honorable, to be compassionate, to have it make some difference that you have lived and lived well."
— Ralph Waldo Emerson

"The deeper our faith, the more doubt we must endure; the deeper our hope, the more prone we are to despair; the deeper our love, the more pain its loss will bring: these are a few of the paradoxes we must hold as human beings. If we refuse to hold them in the hopes of living without doubt, despair, and pain, we also find ourselves living without faith, hope, and love."
— Parker J. Palmer

"Even a happy life cannot be without a measure of darkness, and the word happy would lose its meaning if it were not balanced by sadness. It is far better take things as they come along with patience and equanimity."
— Carl Jung

"Mentors and apprentices are partners in an ancient human dance, and one of teaching's great rewards is the daily chance it gives us to get back on the dance floor. It is the dance of the spiraling generations, in which the old empower the young with their experience and the young empower the old with new life, reweaving the fabric of the human community as they touch and turn."
— Parker J. Palmer

Sal nog 'n wen ons probleme laat verdwyn?

Dana Snyman

Gister, 20 September 2019, het die Wêreldbekertoernooi begin. Rugby. In Japan.

Ons speel vandag teen die All Blacks in Jokohama. Dit sal seker maar weer die ou storie wees. Ek sal voor die TV sit of staan, en te veel wyn drink, en die skeidsregter en die spelers verskreeu. (Hoop net nie Faf skop weer daardie simpel, hoë skoppies nie. Ek wil hom nie vloek nie. Ek hou eintlik van Faf.)

Ek sukkel om myself te gedra soos die middeljarige man wat ek is wanneer die Springbokke speel. Ek weet rugby is net 'n spel, en dalk sou dit beter gewees het as die hele land vanmiddag twaalfuur vir 80 minute saam kon Bybelstudie doen, maar dis net mense soos Angus Buchan wat dink dinge kan só werk.

Rugby verbind soveel van ons op allerhande maniere – en dis mooi, en dit is goed.

Ons het weer 'n 1995-oomblik nodig: 24 Junie 1995. Ellispark, Johannesburg. Die wedstryd was in 'n asemteug verby. Springbokke 12; All Blacks 12. Toe is dit ekstra tyd. Later is daar net sewe minute oor. Naby die All Blacks se 10 meter-lyn is 'n skrum. Joost tel die bal op en gooi na Stransky. Stransky skepskop, en die bal klim en klim die lug in, en ons kom regop. In Houghton en in Grassy Park, in Pinelands en in KwaZakele en op Sannieshof kom ons regop, met ons oë op die bal. Ons dra daardie bal, in Polokwane en Amanzimtoti en op Soekmekaar, dra ons die bal, op Garies en Kroonstad en die gehuggie buite Gravelotte waar Trevor Nyakane vandaan kom.

Met ons hoopvolle harte en geheime gebede en desperate drome het ons daardie bal hoog tussen die pale deur gedra. Bokke 15; All Blacks 12.

Francois Pienaar ná die tyd op die veld: "We had 43 million people behind us . . ." Madiba in sy nr. 6-Boktrui.

'n Hele ruk daarna was dit asof hoeveel van ons 'n bietjie meer bewus van mekaar se menslikheid in die land was.

Maar '95 se droom het nie gehou nie. Is dit dalk nie omdat ons daardie wen tóé nie werklik so nodig gehad het soos ons dit nou het nie?

Madiba het in '95 nog geleef, daar was nog nie al die geweld en verval en korrupsie nie. Die rand was baie sterker teenoor die dollar en die pond en euro as nou. En Chester het nog geleef. En Joost. En James Small. En Ruben Kruger.

'n Mens dink maar knaend oor wat hoop is. Hoe leef 'n mens hoopvol in dié land?

"Hope is not a lottery ticket you can sit on the sofa and clutch, feeling lucky," skryf Rebecca Solnit iewers.

"Hope is an axe you break down doors with in an emergency . . . To hope is to give yourself to the future. That

commitment to the future is what makes the present inhabitable."

Wen ons vanjaar weer die Wêreldbeker, sal dit nie veel aan hierdie stukkende land se probleme doen nie, maar dit kan miskien iets aan ons, die land se inwoners, doen.

Is dit nie al 'n goeie begin op pad na iets beters nie?

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/sal-nog-n-wen-ons-probleme-laat-verdwyn-20190920

"It took me a long time to understand that although everyone needs to be loved, I cannot be the source of that gift to everyone who asks me for it. There are some relationships which I am capable of love and others in which I am not. To pretend otherwise, to put out promissory notes I am unable to honor, is to damage my own integrity and that of the person in need - all in the name of love."
— Parker J. Palmer, Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation

---

"We know how the Church has for centuries insisted that Christ is every person and represents us all. But as we have seen, in the myth there is encapsulated the profound reality that the opposite is true as well. As each of us becomes aware of his or her true essence as a body-spirit entity and awakens the Christ within, he or she too is Christ. No longer is it a case of looking outside ourselves to emulate a remote historical figure. Rather, it's a matter of knowing ourselves to be wholly one with the very same energies and principles that in the drama are shown driving him. Thus, as Carl Jung describes it, each individual can discover that he or she is "imbued with a latent divinity."
— Tom Harpur, The Pagan Christ: Is Blind Faith Killing Christianity?

Tom Harpur, columnist for the Toronto Star, Rhodes scholar, former Anglican priest, and professor of Greek and the New Testament, is an internationally renowned writer on religious and ethical issues. He is the author of ten bestselling books, including For Christ's Sake and The Pagan Christ. He has hosted numerous radio and television programs, including Life After Death, a ten-part series based on his bestselling book of the same name.

https://www.goodreads.com/author/show/150320.Tom_Harpur

Brood vir die pad

Só 'n samelewing vra almal om 'n groter beleefdheid

RRV

Dit is die waarneming van baie dat daar in ons dag 'n toenemende venynigheid en aggressie is in die manier waarop ons oor en met mekaar praat. Dalk is dit weens die groeiende polarisasie in ons samelewing wat maak dat ons maklik die "ons" as volledig goed sien, en die "hulle" as uitsluitlik boos. Dan eien ons gou vir onsself die reg toe om op 'n ongeskikte en neerhalende wyse oor húlle te praat.

Dit wil ook lyk asof sekere vorme van kommunikasie, soos op sosiale media waar die ander buite ons onmiddellike gesigsveld is, dit vir ons makliker maak om minder oorwoë en meer bitsig ons mening te lug.

En vir dié kwetsende styl van kommunikasie lyk dit of daar nie 'n gebrek aan politieke en kulturele rolmodelle is nie.

Onlangs verskyn die Duitse literatuur- en kultuurteoretikus Aleida Assmann se boek Menseregte en menslike pligte: Sleutelbegrippe vir 'n meer menslike samelewing. Onder die sleutelbegrippe wat volgens haar nodig is vir 'n samelewing waar mense waarde het en waardeer word, tel sake soos respek, wedersydse erkenning, empatie, en beleefdheid.

In haar bespreking van beleefdheid verwys Ass-mann onder meer na die Engelse kultuurhistorikus Keith Thomas se boek In Pursuit of Civility: Manners and Civilization in Early Modern England (2018).

In sy studie onderstreep Thomas op vermaaklike wyse die feit dat wat mense as beleefd en beskaafd beskou, in die geskiedenis voortdurend verskuif en ook kultuurgebonde is.

In 1874 was 'n Franse besoeker, byvoorbeeld, geskok om te sien hoe 20 Britte uit een bierbeker drink, terwyl 'n Engelse heer weer verbaas was om te ontdek dat almal in Parys 'n eie drinkbeker kry.

In haar eie bespreking van beleefdheid en hoflikheid sluit Assmann veral aan by die verband wat Thomas in sy historiese ondersoek lê tussen beleefdheid en die wyse waarop mense kommunikeer.

Thomas dui aan dat in tye van ernstige religieuse en sosiale konflikte, het die ontwikkeling van 'n hoflike en beleefde styl van kommunikasie – waarvolgens ander nie verneder, beledig of gekwets word nie – mense gehelp om diepliggende en potensieel gevaarlike verdelings in die samelewing te oorbrug.

Assmann gee toe dat begrippe soos beleefdheid en respek ouwêrelds mag klink, maar tog meen sy dat die verdelings en geweld van ons tyd vra dat ons hierdie begrippe herontdek en met die gepaste inhoud vul.

Want die weg na 'n meer menslike samelewing vra dat ons ten minste meer ordentlik oor en met mekaar praat.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/so-n-samelewing-vra-almal-om-n-groter-beleefdheid-20190920

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,

'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.

Mag die son jou siel verbly,

die reën sag sif oor jou land.

En, tot ons weer ontmoet,

hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877